## Deel 19 - 7 Oktober 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

***Openbaring van 'n Groot Ster wat op die aarde afpyl en wat 'n katastrofiese aardbewing tot gevolg gaan he. Aan die Duitse profetes Bertha Dudde gegee op 3/10/59 deur die Innerlike Woord van Abba Vader:***

Ster: Openbaring Hoofstuk 16 vers 18 – 3/10/59

***7421*** *Openbaring 16:18 "En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die Aarde was nie - so 'n geweldige groot aardbewing."*

"'n Geweldige aardbewing sal die aarde laat skud. **Geestelik sowel as aards** sal die wêreld voor 'n skudding staan, soos wat die mense nog nooit meegemaak het vanaf die begin van hierdie tydperk nie. Maar dit is voorspel, want dit is die inleiding tot die einde wat **nie lank daarna** sal volg nie. Die termyn is nie meer lank nie en steeds dringender word julle daarop gewys, omdat julle elke dag nog sal moet benut om julle siele ryper te laat word, want die tyd vlieg en julle gaan julle einde met rasse skrede tegemoet.

En dan volg **'n eindelose lang nag** vir al diegene wat die dag nie gebruik het om vir sy sieleheil te werk nie, want **slegs weinig** sal die laaste einde oorlewe en die nuwe aarde mag bewoon, - slegs weinig sal standhou in die laaste stryd op hierdie aarde.

Weereens word die tekens van die einde aan julle mense voorgehou en die laaste geweldige teken sal die groot aardbewing wees. Julle is alreeds gesê hoe dit tot stand gaan kom: **Dat 'n ster homself uit sy baan gaan losmaak en met reusagtige snelheid op die aarde sal afpyl.** Dat julle nog niks daarvan af weet nie, is as gevolg van die groot afstand wat die ster nog moet aflê, voordat hy in die gesigsveld kom van hulle wat hom sal waarneem.

Maar dan sal die opwinding ook groot wees, want elkeen sal nou die gevaar besef waarin die hemelliggaam aarde haarself daardeur bevind, maar niemand sal iets kan doen om die gevaar te besweer nie.

En hierdie laaste tydperk, wanneer julle nou daarvan op hoogte sal wees, moet julle besonder goed benut, want geeneen van julle weet of hy die gebeure sal oorlewe nie. Geeneen van julle sal weet **welke deel van die aarde getref sal word nie** en niemand moet daarop reken dat dit by hom sal verbygaan nie.

Dit is die **laaste waarskuwende stem van God** wat Hy nog laat weerklink voor die einde, om juis voor die einde geloof te vind en tewens 'n ommekeer te bewerkstellig van die weiniges wat nog nie heeltemal 'n prooi van die teenstander geword het nie.

Dink nie lighartig oor al die voorspellings nie. Laat julle nie van julle sienswyse afbring deur die werk van skynbare opbou wat julle in die wêreld kan gadeslaan nie, maar weet dat die skaduwee van vernietiging reeds opdoem, dat daar geen langer tyd meer sal oorbly wanneer julle op hoogte sal wees van die **onheil wat julle nader in die vorm van 'n ster nie.**

Hy word uit sy baan geslinger, omdat dit God se wil is dat die aarde deur 'n bewing geteister sal word, wat nog mense moet en kan red wie van goeie wil is. Aan voortekens van die nabysynde einde sal dit waarlik nie ontbreek nie, maar die voortekens sal 'n geweldige uitwerking hê en baie mense sal hul lewens verloor. En niemand kan homself daarvoor doof hou nie, want dit is te geweldig dat dit nie op alle mense indruk sou maak nie.

Slegs die resultaat is verskillend, want die mense sal deels hulle swak geloof laat oplewe en hulself weer aan God gee, maar deels ook die swak geloof verloor en hulself na die teenstander wend, wat **in 'n vergrote jaagtog na materiële besit**, - meestal op onregmatige wyse - tot uitdrukking sal kom.

En daar sal baie nood wees onder die mense. En dan bewys die **ware krag van die geloof** homself, wat hulp beteken vir die mens wat homself **gelowig slegs aan God toevertrou.**

Want Hy sal al diegene help **wat van Sy wil is**, wat ook in hulle grootste nood net aan Diegene dink Wie hulle alleen kan help. En die tyd sal aanbreek waarin nog **goeie arbeid in die wingerd verrig moet word** om al diegene te hulp te kom wat nog swak van gees is en wat **versterking van hulle geloof** moet kry. Want **daarna volg die tyd van die laaste geloofstryd** wat nog 'n laaste besluit sal vereis van die gelowiges. Maar wie volhou tot die einde, sal salig word.

Amein.